# St Paulus Preprimêre en Primêre Skool
# NUUSBRIEF

(012) 804-9670
(012) 804-5039

Mev M. Gorst-Allman

www.saschools.co.za/stpaulus

Nr. 4

5 Februarie 2010

## DIE NUUTSTE OOR ONS SPORT

Ons is nou waarlik knie-diep in 2010, en met die reën wat 'n bietjie bedaar het, kon ons krieketspanne vir die eerste keer hulle wedstryde op die nuwe kolfblad speel. Baie geluk aan ons tennisspanne wat vir Stefanus Roos (seuns) en Lynnwood Laer (meisies) in hulle eerste liga wedstryde geklop het. Ons het vir die eerste keer 'n meisiespan ingeskryf en ons was baie trots toe hulle met 40-15 gewen het. Hou aan oefen, tennisspelers. Ons eerste galas van die jaar sal Vrydag plaasvind. Die A-span gaan by Lynnwoodrif, en die B-Span tuis, swem. Baie geluk aan ons krieketspanne. Ons het vyf uit ses wedstryde gewen.

## 'N VERRYKENDE RICH RANCH ONDERVINDING

Die Graad 7 Leierskapkamp is 'n hoogtepunt in die lewe van elke St Paulus Grade Sewe en, om te verseker dat ons dit nie vir die toekomstige Graad Sewes bederf nie, deel ons nie té veel van al die opwindende aspekte van hierdie ondervinding nie. Ek is bly om te rapporteer dat dit 'n uitmuntende groep jongmense is wat hard gewerk en regverdig gespeel het, en wat in die gees van elke aktiwiteit gekom het, wat mekaar ondersteun het en wat as gevolg van hulle positiewe houding, kop-en-skouers bo bo groepe van ander skole uitgestaan het. Estelle en Richard sien altyd uit na ons besoek want hulle kan dit ook geniet, en het nie nodig om ure te bestee om kinders te dissiplineer en geskille te besleg nie.

Gaan gerus na http://www.richranch.blogspot.com/ om 'n pragtige foto van die groep te sien. Die spesiale "Graad Sewe Liedjie" wat elke jaar deur die groep op die kamp gekomponeer word, is een van die bestes wat ek in my ses jaar by St Paulus gehoor het. Dit omvat ons diversiteit, taalbeleid, etos en die belofte van die 2010 Wêreldbeker. Ons Herwinningspan sal ook verheug wees want Herwinning is 'n kenmerk in die harte en gedagtes van die Graad 7 LLK van 2010. Ons sien uit daarna om binnekort wapentjies uit te deel!

## NAMIDDAG PROGRAM

Om te poog om ons kinders soveel as moontlik vryheid te gee, het ons baie duidelike namiddagreëls wat daargestel is om ons kinders te beskerm en om trots in ons skool te verseker. Kinders moet in die middae die skooluniform dra, en dié wat by Nasorg ingeskryf is moet die Nasorg hempie dra. Die korrekte sportuniforms vir verskillende sporte moet ook gedra word. Kinders wat in die middae swemklasse by een van ons afrigters het, moet ons skoolswembroek en swemkeppie dra. Ons het op die oomblik 'n mengelmoes verskillende swembroeke en keppies, en baie leerlinge swem sonder keppies. Leerlinge moet ook die swembad area ten volle geklee, verlaat, en mag nie loop met net 'n handdoek om hulle gedraai nie. Kinders wat tot 16:00 by die skool bly, moet Huiswerk onder Toesig, 'n sport-, of 'n klubaktiwiteit bywoon. Hulle mag die Melican Multimedia Sentrum, wat elke middag tot 16:30 oop is, besoek sodra hulle huiswerk klaar is. Indien hulle nie by een van hierdie aktiwiteite is nie, sal daar outomaties van hulle verwag word om by Nasorg te wees. Enige leerder wat van Maandag tot Donderdag ná 16:00, en ná 14:00 op Vrydae (behalwe indien betrokke is by 'n Swemgala), op die skoolgronde is, moet by Nasorg ingeskryf word. Moet asseblief nie kinders opdrag gee om in die parkeerarea of naby die onderste veld te wag nie. Ek het Dinsdagmiddag ná 16:30 'n aantal kinders in die badkamer oorkant die tennisbane gekry. Hierdie area is in die laatmiddag baie afgesonder en ons moet verseker dat ons kinders gedurende hierdie tyd onder toesig is.

## KOMMUNIKASIE

Ons het die afgelope week probleme met ons telefone en ADS lyne ondervind. Die Sportdepartement se telefoon is op die oomblik buite werking. Ons vra om verskoning vir die ongerief.

## ETOS – UITREIK

Geluk aan ons Graad Sewes van 2009 wat R11 000 met hulle "Wakkerbly" ingesamel het. Hierdie geld word gebruik om skoolfooie, boeke, skryfbehoeftes en alle balletbenodigdhede vir Mame Mowedi (een van die tweeling wat jare gelede aangeneem is en wat nou in Graad 7 is), te betaal. Mame is 'n talentvolle balletdanseres en sy is gekies om saam met KRUIK in hulle ontwikkelingsprogram te dans.

"Hulp aan Taiti se behoeftige kinders" – As deel van ons Graad Sewes se 2010 Valentyns-fondsinsameling op 12 Februarie, sal daar 'n spesiale silwer munt (R5) insameling wees. Al die geld wat hiervoor ingesamel word sal deur die SACBC (wat 'n spesiale rekening hiervoor het) na behoeftige kinders gestuur word.

## SAMEWERKING

Staan asseblief die leerlinge en leerkragte by wat soggens die skolierpatrollie beman deur by die sebra-oorgang die pad oor te steek.

Kinders geniet te alle tye voorkeur op die skoolkampus. Ry dus asseblief stadig en wees op die uitkyk vir voetgangers. Die single voor die skoolkantoor en die Graad Een klaskamers is slegs vir personeelparkering en voetgangers.

Moet asseblief nie deur die personeelingang ry om kinders af te laai nie. Daar is altyd kinders wat in hierdie area speel of tussen klasse en die saal beweeg en hierdie area moet dus asseblief vry van verkeer wees.

As kinders laat is vir skool moet hulle deur die Hoofingang van die Administrasieblok inkom. Op die oomblik kom laatkommers by die Graad Een ingang in en beweeg teen die stroom wanneer die ander leerlinge na saalbyeenkomste en gesang-oefening gaan, wat dan 'n opeenhoping veroorsaak.

## DIE 'SHOP'

Die eienaars wil graag om verskoning vra vir die vertraging in die voorsiening van sekere items. As gevolg van 'n langdurige staking verlede jaar is daar 'n agterstand in die voorsiening van sekere materiale en kledingstukke. Hulle doen wat hulle kan om die probleem aan te spreek en sal u per SMS laat weet sodra bestellings gereed is.

## VAN DIE TESOURIERE SE KANTOOR

Wanneer u direkte betalings vir skoolfooie of ander betalings maak, gebruik asseblief u kind se naam en van (en/of u rekeningnommer) en nie "skoolfooie" as die verwysing nie. Staan asseblief ons Tesouriere by deur dan die bewys van betaling na haar te stuur per e-pos: finance@stpaulus.co.za of faks: (012) 804-5039.

*Mag u 'n genotvolle naweek saam met u kinders hê!*

**Vrydag, 5 Februarie**
Swemgala
A-Span by Lynnwood Ridge
B-Span Tuis
**Saterdag, 6 Februarie**
Mini-Krieket by Southdowns van 07:30 – 09:00
**Maandag, 8 Februarie**
Tennis: C1 Seuns by St. Paulus
D4 Seuns by Lynnwood Ridge
D3 Meisies by St. Paulus
**Dinsdag, 9 Februarie**
Krieket: (Alle spanne speel teen Lynnwood Ridge)
1ste Span by Lynnwood Ridge
2de Span by St. Paulus
3de Span by St. Paulus
**Woensdag, 10 Februarie**
Krieket O11A by St. Paulus
O11B by St. Paulus
O10A by Lynnwood Ridge
**Donderdag, 11 Februarie**
Krieket:O10B by Lynnwood Ridge
O9A by St. Paulus
O9B by St. Paulus
**Vrydag, 12 Februarie**
Swemgala
A-Span - Tuis
B-Span by Loreto Skool
**Saterdag, 13 Februarie**
Mini-Krieket teen Hatfield CS by Hatfield CS

**BELANGRIKE DATUMS**

Gala - 20 Februarie
FIFA Pret Sport Toernooi - 5 Junie
Lentedag - 3 September (Vrydag)
Pretdag – 5 Oktober